SEDERT 1920

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028
e-pos: affies@affies.co.za

Lynnwoodweg 1
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805
Faks: (012) 344-3907

15 Mei 2019

Geagte Ouers

GREY KOLLEGE, BLOEMFONTEIN: VRYDAG 17 MEI EN SATERDAG 18 MEI 2019

Ons beplan om vanjaar met meer as 800 seuns aan verskillende aktiwiteite teen Grey Kollege mee te ding.

Leerlinge word deur ouers van Grey Kollege gehuisves, maar moet hulle eie beddegoed saamneem. Leerlinge is ook welkom om by hulle ouers te bly.

Die eerste busse vertrek op Vrydag, 17 Mei om 05:00 (Kultuur, Tennis - 2e, 3e en o/15 B, Skaak, Landloop, Hokkie 2e, o/16 B) en die ander busse ry om 06:00 van die skool af . Op Saterdag 18 Mei vertrek die busse om 17:00 (na afloop van die eerste rugbyspan se wedstryd) van Bloemfontein na Pretoria. Alle seuns is verplig om met die busse na Bloemfontein te reis, maar mag wel saam met hulle ouers terugry.

Slegs deelnemers word op die bus toegelaat.

Die koste vir die naweek beloop R600 per leerling. Genoemde bedrag word, tensy anders gereël, teen u seun se skoolrekening gehef.

Affie-groete

D. Botes
Adjunkhoof: Sport

P.W. Joynt
Waarnemende hoof